# 11 Oktober 2023 - Lesing 150 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

God as liefhebbende Vader – 15/7/60

**NO: 7648** Vir die meeste mense is Ek die **verre, ongenaakbare God**, indien hulle nog aan My glo. Maar hulle het geen band met My nie, hulle soek My in die vêrte, hulle sien in My wel hul God en Skepper, **maar nie hul Vader nie,** - hulle het die verhouding van kind tot vader nog nie tot stand gebring nie en durf My daarom ook nie as Vader aanspreek nie. Hulle verwag ook geen hulp nie, omdat hulle die Vaderliefde uitskakel **en in My slegs die straffende God sien, die onverbiddelike Regter Wie hulle genadeloos veroordeel,** as hulle nie volgens Sy Wil lewe nie.

Die mense is nie op hoogte van My oorgrote Liefde vir hulle nie, anders sou hulle My vertroulik genader het en met My 'n tweegesprek gehou het. Hulle weet nie dat hulle uit My Liefde voortgekom het en dat My Liefde aan hulle behoort nie, ook as hulle sondig geword het. Hulle staan nog ver van My af en **daarom kan hulle ook nie deurstroom word met My Krag nie**, omdat hulle hulself dan vol vertroue tot My sou moet wend - omdat hulle My nabyheid soek en en **die wil moet hê om deur My as kind aangeneem te word.**

En dit is moeilik om hierdie kennis aan hulle oor te bring, want Ek is en bly vir hierdie mense 'n onbereikbare Wese, wat hemelhoog bo die mense staan en weinig of geen kontak met hulle het nie.

Hulle glo nie in 'n samehang tussen die Skepper en Sy skepsel nie, hulle voel hulleself geïsoleerd en is dit ook, **solank hulle nie self die isolasie ophef** en probeer om hulleself by My aan te sluit nie.

Maar Ek wil die Vader van My kinders wees, Ek wil 'n hegte verhouding hê met die mense, so heg **dat hulle in staat kan wees om My te hoor.**

Maar daarvoor is eerstens die vrye wil van die mens nodig om met My kontak te hê. Ook die mens moet wil om nader aan My te kom, **hy moet self die groot verwydering tussen ons ophef** deur met My verbonde te wil wees.

En hierdie wil kan in die mens gewek word, **wanneer My Liefde weer aan hulle verkondig word**, as Ek aan hulle voorgestel word as die hoogste volmaakte Wese, Wie slegs maar Liefde is en wat Sy groot Liefde aan Sy skepsels wil skenk, sodat hulle gelukkig kan wees. **Ek moet aan die mense as hoogs volmaak voorgestel word** en by volmaaktheid hoort 'n oorvloed van Liefde wat uitgaan na My skepsels.

Eers as die mens kan glo aan My Liefde, sal sy liefde vir My ook ontbrand en hy sal vurig verlang na kontak met My. En dan sal hy ook voel soos My kind en verlang na die Vader om met Hom te spreek.

Hy sal hom nie meer terughou nie en met My praat soos 'n kind spreek tot sy Vader **en hy sal ook My Liefde voel** en daarom in volle vertroue na My toe kom.

En dan sal Ek by hom aanwesig wees, dan is die groot afstand opgehef, dan kan My kind ook My stem verneem, omdat hy - as hy daarna streef om by My Self te wees, ook self **liefde** geword het, **wat die vereniging van die kind met die Vader bewerkstellig**.

En sodra julle dus aan julle medemens Myself, hul God en Skepper, as 'n liefdevolste Vader kan skets, Wie alleen maar daarna verlang om saam met Sy kinders te wees, soos wat dit was in die allereerste begin, - sodra julle dus vir My as 'n God van Liefde voorstel, sal ook die groot vrees vir My verdwyn, die mense sal hulleself vol vertroue tot My wend wanneer hulle in nood is. Hulle sal My hulp ervaar en dan probeer om steeds nader aan My te kom, **want dan gryp ook My Liefde hulle vas en trek hulle saggies, maar geleidelik omhoog.**

En eens sal dan ook die vereniging plaasvind, want sodra die mens eenmaal My Liefde bemerk het, maak hy hom ook nie meer van My los nie, maar streef hy steeds yweriger na vereniging met My en die verre verwydering word dan vir goed opgehef.

Die mens sien dan nie meer in My slegs sy God en Skepper nie, **maar sy Vader**, na Wie toe hy nou wil gaan en hy sal dan ook verseker sy doel bereik.

Amein.